Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 12, Nr 4, 1982. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Boekbesprekings / Book Reviews

## THE ART OF WINNING WARS

### Kol James Mrazek

### Inleiding

Daar is heelwat boeke geskryf oor hoe om oorloë te wen. Feitlik al hierdie boeke lê strategiese en taktiese doktrines neer. Tenspyte van al hierdie boeke kon 'n magtige lëer soos die van die VSA nie die stryd in Vietnam wen nie. Die geskiedenis is vol van oorloë en lesse daaruit te leer, lesse wat geboekstaaf is en as beginsels neergelê word.

Kol Mrazek het ook in die geskiedenis gedelf om vas te stel waarom sekere leiers soos Alexander, Nelson, Napoleon, MacArthur, Patton en andere, so suksesvol was in die veldslae wat hulle name in die geskiedenis verewig het.

### Doel

In hierdie opsomming sal gepoog word om soveel as moontlik van Kol Mrazek se gedagtes weer te gee, sodat studente van oorlogvoering ook daarby kan baat.

### Die boek self

Die skrywer het tot die slotsom gekom dat daar een wapen is wat magtiger as die swaard is – skeppende denke, skeppingskrag, die produk van die mens se verstand.

Indien daar een wapen is wat die VSA moontlik tot 'n val sal bring is dit die skeppende brein van 'n individu. Dit is so omdat die meeste oorwinnings die produk van 'n ekeling se skeppingskrag is. Hierdie feit het hom reeds vroeg openbaar met die vorming van die wêreld se geskiedenis. Dit is ook een van die pilare waarop Lin Piao sy manifesto gebasseer het en wat die Sjinese se strategie tot oorwinning geword het. Hierdie feit was tot nog toe nie deur die VSA se militêre leiers besef nie, moontlik as gevolg van die feit dat dit gebasseer word op vryheid van denke en dus indruis op geykte militêre tradisies.

Die geskiedenis is vol van militêre leiers met geen of weinig formele opleiding wat daarin geslaag het om oorweldigende oorwinnings te behaal, omdat hulle denke nie gebonde was aan neergelegde reëls nie, maar vry was om skeppende buigsame strategie vir die geveg neer te lê. Die oorwinning word bepaal deur die brein van 'n leier en nie die wapens nie. Skeppende denkers moet vrye inisiatief geniet om te kan slaag. So was bevelvoerders indie sesdaagse oorlog deur die Israeliese leiers vrye inisiatief toegestaan – met die gevolg dat die teenstanders wat volgens die boek geveg het, oorweldigend verslaan is.

Die mens is 'n skepper en alhoewel dit gereeld onderdruk word deur magte van buite, breek dit deur en kan die skeppingsdraag tot uiting kom. Net soos wat die skone kunste en wetenskap swaar rus op die skeppingskrag van die mens, behoort die militêre denkers en skrywers ook hierdie krag in die mens te verstaan. Skeppende mense is meer buigsaam en aanpasbaar en dra sodoende by tot die skepping van oorwinnings. Die feit dat die militêre leier nie 'n kunstenaar is nie, is die skuld van die militêre self, omdat dit strydig met sy idee van 'n hardgebakte soldaat is.

Die briljante militêre leiers het een ding in gemeen gehad – hulle was nie gebonde aan die leisels van tradisie nie en kon vrye teuels aan hulle skeppende denke gee. Hierdie feit is veral opmerklik by vloot offisiere wat op 'n eiland van sy eie optree en op voorgevoel moet optree. Kommunikasie op so 'n skip is maklik en die bevelvoerder het feitlik daaglikse kontak met sy ondergeskiktes. Die teendeel is die feit by die 'land' bevelvoerders wat in 'n groter omgewing moet optree.

Die guerilla gooi alle aanvarrde beginsels oorboord en doen die onverwagte om sukses te behaal, hulle maak staat op die verbeeldingskrag van die leier om verrassing en verwarring te behaal. Die guerrilla is beweegbaar en buigbaar in sy denke omdat dit nie deur die wet en voorgeskrewe doktrines gebind is nie.

Die meeste skeppende denkers was individualiste soos Nelson, MacArthur en andere. On-

gelukkig is die opleiding van seniors so dat dit ingestel is op kritiek en daarom word die skeppingskrag van die junior misken.

Die militêre leier moet ook altyd poog om sy kennis te verbreed, want kennis maak sy denke los van dit wat voorgeskryf is en stel hom instaat om sy kennis in die praktyk toe te pas.

Militêre leiers was nog altyd onbewus van die belangrike rol wat intuïsie in gevegte en oorloë speel. Baie van die frustrasies wat die soldaat ondervind, spruit uit die feit dat hy nie sy skeppingsdrang kan uitleef nie, maar gebonde is aan tradisionele dissipline. Bevelvoerders moet altyd poog om die skeppingskrag van sy ondergeskiktes te gebruik instede van om dit te onderdruk.

Dit is veral belangrik dat stafoffisiere skeppende denkers moet wees, want sodra die bevelvoerder sy beslissing gemaak het, laat hy sy staf vryheid van oprtrede binne hierdie beslissing toe.

Om dit te kan doen moet die stafoffisier 'n spesialis wees, met ander woorde, 'n skeppende persoon wat sy spesialiskennis skeppend kan toepas.

Die skrywer sluit sy boek af met 'n dokument wat deur 'n Duitse generaal, kolonel-generaal Dr Lothar Rendulic geskryf is. Die generaal noem dit sy 'Command Decision'. Dit is opgestel na aanleiding van die veldtog in Rusland en word toegelig met 'n praktiese voorbeeld. Dit gee 'n oorsig van die probleme wat 'n bevelvoerder in 'n mobiele stryd ondervind, die verskeie situasies waarin 'n bevelvoerder hom voor en gedurende die geveg bevind. Die gee 'n goeie beskrywing van die elemente wat oorweeg moet word om 'n beslissing te kan maak.

### Lesse te leer uit die boek

Die boek gee waardevolle wenke aan die leier wat belangstel in die skeppende denke en hoe om dit aan te wend tot sy voordeel. Dit gee ook waardevolle lesse wat toegepas kan word in die tipe oorlogvoering waarin die RSA hom bevind, teen 'n vyand wat vry is om van sy skeppingskrag gebruik te maak. Dit kan ook baie bydra om militêre leiers los te maak van ou geykte ideas.

Di 'Command Decision' is van besondere belang vir daardie militêre leiers wat belangstel in die skeppende denke wat 'n generaal instaat gestel het om teen oorweldigende oormagte staande te bly.

Kol N. Jacobs

# DEFEATING COMMUNIST INSURGENCY

## Robert Thompson

### Introduction

This book was written approximately 16 years ago and much of it is based on the experiences of the author obtained during the insurgencies in Malaya and Vietnam. The book is a study of the basic theories of communist insurgency and of counter insurgency as they operate on the ground and affect the population of a threatened country.

Much of what is propagated in this book have been experienced by the SADF during its struggle against insurgency. Some of the systems used in Malaya and Vietnam was also used in Rhodesia during their war. Some of the systems propagated eg Strategic Hamlets, although effective in Malaya, had still to be proven in Vietnam!

The following is a summary of some of the subjects mentioned in the book which has a relation to our own war and which has already been implemented or could still be implemented.

### The Enemy

'The only person who really understands communism is the communist who understands it too late'. This quotation comes out of the Vietnam struggle and pinpoints the following question: What is the appeal of communism in south-east Asian communities, and why are young men in particular attracted to its cause? I think the same question can also be asked in respect of the African countries of today. Two further questions that can be asked is : How do communist guerrilla forces survive, and even threaten to prevail over, large-scale conventional forces supported by countries whose power, wealth and good intentions are seemingly invincible? And, above all how can they be defeated except at enormous cost in men, money, material and time without risk of general war?